

**Dinsdag 3 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-37;  
Matteus 10:29; Lukas 12:6**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3;  
Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Voor sy aangesig voorsien God

Eksodus 20 gaan nie oor die gode nie. Dit handel oor God en wat voor sy aangesig is. Heel presies, dat ons voor sy aangesig is. Per slot van rekening. Nietighede, soos gode, het daar geen bestaansreg nie. Voor sy aangesig skep en skenk God gemeenskap met ons, nie met dit wat ons daarheen wil aandra of laat bestaan nie. Met ons. In Christus. En met sy eiendom, die kerk (Joh. 17:9).

Voor sy aangesig – dit is die plek waar ons leef en werk, die plek wat vir ons deur die bloed, die dood en die opstanding van Christus uitgekoop is. 'n Veilige hawe. Psalm 84 vergelyk dit met die tuiste wat mossies destyds in die tempel gevind het. Die Bybel noem die mens wat voor die aangesig van God leef en werk, welgeluksalig. Geseënd, want geen dood of lewe, geen hoogte of diepte, geen verdrukking of benoudheid, geen swaard of mag, ja niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. Soms is ons platgeslaan, maar nie vernietig nie; vervolgt, maar nie verlate nie; verleë, maar nie radeloos nie; seer, maar nie sonder troos nie (2 Kor. 4:7-10).

Voor sy aangesig mag ons, anders as die gode, leef en werk. Dáár, in Christus, is ons leerbare leerlinge om die enige ware God reg te leer ken. Waar ons ook moet leer dat 'n mossie wel op die grond val. Maar, sê die Skrif, nie sonder die Vader nie (Matt. 10:29). En as vyf vir twee stuiwertjies van die hand gesit word, vergeet God nie één van hulle nie (Luk. 12:6). Dit is wat ons voor sy aangesig leer.

Voor sy aangesig – die plek wat in sy voorsienigheid en beskikking uitgemeet is.  
*Sing: Psalm 84-1:2, 3*

*Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)*